Kempie Klets

Uitgawe 11: 3 September 2010

Uit die Adjunkhoof se kantoor . . .

Geagte Ouers

Met al die stakings en verwikkelinge by skole was ons skool deur die genade gespaar met al die ontwrigtings. Dankie aan al die onderwysers wat getrou op hulle poste was. Die personeel het egter groot simpatie met ons professie rakende die salarisse en die minagting van die staat ten opsigte van die staatsdiensamptenare se besoldiging.

Rekordeksamen en toetsreeks

Die matrieks het op Dinsdag 31 Augustus met hul rekordeksamen begin. Die dag het sonder voorval verloop en ons skool se rekordeksamen is dus in volle gang. Dankie aan die matriekpersoneel wat inderhaas hulle eie vraestelle opgestel het sodat ons leerlinge die belangrike voorbereidende eksamen kan aflê.
Die graad 8 – 11 leerders begin is reeds in `n toetsreeks . Ons dra almal wat eksamen of toets skryf op in die Heer se genade.

Begroting 2011

Die Finansiële Komitee is tans besig om die begroting voor te berei vir aanstaande jaar. Indien u enige bydrae wil maak, of inligting wil bekom oor die proses of die inhoud daarvan, moet u asseblief mnr. Jorrie Jordaan by die skool kontak om 'n afspraak te maak. Hy sal u daarmee kan help.

Rugby ABI Coke wenners

Geluk aan die spelers, afrigters en ouers met die prestasie. Dit is die tweede keer dat ons die gesogte reeks wen. Ons was ook in 2006 wenners. Dit is jammer dat die Beeldkoerant in sy JIP bylaag `n massiewe blaps ondergaan het met die opskrif. Jip se redaksie het egter onderneem om dit reg te stel met 'n opvolgberig oor Hoërskool Kempton Park, `n 'n onderhoud met die kaptein en sterspelers asook om foto's te plaas.

Herregistrasie vir 2011

Ek herinner u daaraan dat die registrasie van leerlinge teen die einde van September afhandel moet wees. Baie dankie aan almal wat al reeds die proses voltooi het.

Buitemuurse aktiwiteite

Daar was weereens besonderse prestasies gelewer deur die Kempies. Die volgende provinsiale spelers kom vanuit die Kempie geledere:

- 4 Oos Gauteng Gholf;
- 4 Oos Gauteng luggeweer skiet;
- 13 Landloop atlete na die SA Kampioenskappe;
- 4 Oos Gauteng Ritmiese gimnaste;
- 6 rugbyspelers in die Cokespan
- Toneel 2de in Gauteng Oos

Die Kempies presteer ook in die muurbal, krieket, landloopligas, Die revue vaar uitstekend. Geluk aan al die Kempies wat ook tydens die uitvoerende kunste se wêreldkampioenskappe so uitstekend gevaar het. Die Heer se genade is ryklik geseën oor die Kempies as ons al die besondere prestasies in ag neem.

Kempie Klop

Vind op 11 September op die A-Rugbyveld plaas. Kaartjies is by u kinders beskikbaar. Ondersteun die Ondersteunersklub asseblief met die fondsinsamelingspoging.

Ten slotte

Ons volgende Kempie Klets sal weer op 16 September verskyn.

Kempie groete.

Jorrie Jordaan
(Adjunkhoof)

SPORT

RUGBY

Die naweek het ons Rugby-seuns aan die Finaal van die 25ste Coke reeks teen Hoër-skool Marais Viljoen gewen.

Na 'n harde stryd het die Kempies met 6-5 gewen. Die voorspeler van die wedstryd was CP Venter en die agterspeler van die wedstryd was Werner van Niekerk.

Die volgende spelers is ook opgeneem in die Coke-span: Tiaan Benande, Gerhard Channing, Ivan de Beer, Jaco Roodt, Brandan Hewitt en Werner van Niekerk.

LANDLOOP

Die volgende Kempies het gekwalifiseer om aan die ASA Landloop SA Kampioen-skappe op 11 September deel te neem.

O/19 Seuns
Pieter Wilders
O/17 Seuns
Hans Gildenhuys
O/16 Seuns
Tiaan Botes
Ranier Horak
O/15 Seuns
Tiaan Jacobs

O/19 Dogters
Anneke Gildenhuys
O/17 Dogters
Estie Brits
Marli van Staden
O/16 Dogters
Doricia le Roux
O/15 Dogters
Monique Stander
O/14 Dogters
Tiffany Bell
Sune Jonker
Andria Botha

Vl.n.r. Denton Bam, JP Holmes, Brandan Hewitt, Jaco Roodt (K), Jannes Snyman, Werner van Niekerk, Francois Booysen, Panna Short, Corné de Villiers.

A.l.n.r. Henry van Dyk, Breaan van Winkel, Jaco Botes, Tiaan Benade (O/K) Walter Pretorius, Johan Ras, Frederik van Wyk, CP Venter, Ruanco Pelser, Francois Jones, Ruan Joubert, Waldo Scholtz, Marnus Coetzee, Mark Glafke, Ivan de Beer, JP Vermeulen, Jaco Coetzer (Afrigter)

MUURBAL

Tydens die 1e ligawedstryde was die uitslae as volg:
Kempies 1 vs Hans Moore 3-10
Kempies 2 vs Jeugland 11-5

JUDO

Adriaan du Toit en Jean du Toit is ingesluit in die Oos-Gauteng span wat van 26 September gaan deelneem aan die SA Kampioenskappe.

RITMIESE GIMNASTIEK

Die volgende gimnaste het pragtig presteer en is by die Oos-Gautengspan ingesluit

Vlak 4:
Giani Oosthuizen
(algeheel 1e)
Nicol Green
(algeheel 2e)

Vlak 6:
Ilze Bezuidenhout
(algeheel 2e)
Andrea Schreuder
(algeheel 3e en reserwe vir Oos-Gautengspan)

GHOLF:

Na afloop van die liga is die B-span aangewys as liga wenners en die A-span as naaswenners van die liga.
4 spelers verwerf hul Easterns kleure vir gholf:
Armand van Dyk
Tiaan van Niekerk
John-Henry Hewit
Brenno Nel

Skiet

Skuts wat oos-Gauteng kleure ontvang
Nico du Plessis
Presisieklas A-span O/21
Ian Hart
Presisieklas A-span O/21
Heinrich Schoeman
Veerklas A-span O/16
Didrich Terblanche
Veerklas A-span O/21

Mag u 'n wonderlike Lente-seisoen hê.

ANDER SAKE

KOOR KUNSMARK:

Onthou die Kunsmark—
4 September 2010
Voor in die skool se tuin vanaf 9:00.
Uitstallers kontak Etna
83 756 9577 vir besonderhede.

KUNSWEDSTRYD:

Hanro Janse van Rensburg, Graad 11, het in Julie 2010 aan die wêreldkampioenskappe vir uitvoerende kunste in Los Angeles (VSA) deelgeneem.

Hy het aan 10 items deelgeneem en 5 goud en 5 silwer medaljes gewen. Hy neem in die drama afdeling aan 5 items deel en is in 3 die algehele wenner. Daarby ontvang hy 'n beurs om aan "The New York Conservatory for Dramatics arts" te gaan studeer.

ENGELSE DEBAT

Martin Hatting en Meon Uys is uitgenooi om aan die distrik se kompetisie deel te neem. Martin is ingesluit in die distrikspan wat aan die provinsiale kompetisie deelgeneem het. Kempies was die enigste Afrikaanse skool wat aan die kompetisie deelgeneem het.

ATKV TIENERTONEEL

Die Toneelstuk Mallewales het saam met 21 ander Tonele deelgeneem aan die Gauteng Oos streekskompetisie.
Kempies is die Vrydagaand aangewys as een van die beste van 4 tonele.
Hulle neem die Saterdag weer deel aan die Oos-Gauteng finaal en kom algeheel 2e.
Individuele toekennings:
(Silwer is hoogste op streeksvlak)

- Rosemarie Behr – silwer
- Geraldi Spurling – silwer
- Kay-lee Avenant – silwer
- Hannes Roodt (Regie) – silwer
- Jeanette Roodt (Regie) – silwer
- Morné Viljoen – Beligting
- Riaan Buys – Beligting
- Chané vd Merwe – Klank
- Ruvan Avenant – verhoogbestuur

GESINSPITKOS

'n Bekende sosioloog het by geleentheid gesê dat 'n gesin in der waarheid 'n blyplek, 'n vryplek en'n bakleiplek is! In ons huise is dit waar ons kinders veronderstel is om veilig te voel, aanvaarding te ervaar en te leer om konflik reg te hanteer. Ongelukkig word ons huise dikwels die oorlogsveld, waar ouers en kinders beide baie seerkry. Verhoudings kos werk, maar dit hoef nie slegte werk te wees nie en enige klein begin, is 'n begin:

Begin deur:
® beter en meer gereeld te praat,
® mekaar te vertrou en te respekteer en die vertroue waardig te wees.
® om mekaar van harte te vergewe
® om meer tyd vir mekaar te maak
® om my liefde vir jou te wys
® om meer saam te lag en
® vir mekaar te bid.

Wat het jy om te verloor?

Christel Minnaar, Tienerberader, 011 970 2102

GRAAD 9 VAKKEUSE VIR GRAAD 10 – 12

Die proses vir Graad 9-leerlinge om vakke te kies vir die VOO-fase (Verdere Onderwys en Opleiding) van hul skoolloopbaan, het reeds begin, met die belangstellingstoetse wat deur HPM afgeneem is. .

Die skool beveel baie sterk aan dat leerlinge belangstellingstoetse moet aflê ten einde u en u kind te help om die regte keuse te maak.

Prof Faan Crous sal op die **13e September 2010** toetse afneem. Meer inligting oor dié toetse, wat R480 kos, kan by Mnr Henwood gekry word.

Ons wil al die Graad 9's aanmoedig om ten minste een van dié toetse af te lê. Die toetse duur ongeveer 4 – 5 ure en leerlinge sal nie afwesig gemerk word nie.

Die volgende belangrike datum is 8 September 2010, waartydens die vakkeuse ouerinligtingsaand om 19:00 sal plaasvind. Tydens dié aand sal u al die nodige inligting rondom die vakkeuseproses en die vakke en inhoud waaruit leerlinge kan kies, ontvang. Personeel wat die betrokke vakke aanbied, sal ook teenwoordig wees indien u enige vrae wil vra. Dié inligtingsessie begin om 19:00 en behoort om 21:00 afgehandel te wees. Graad 9 leerlinge is ook welkom om die aand saam met hul ouers by te woon. **Ons vertrou dat u hierdie geleentheid sal bywoon in belang van u kind.**

Indien u enige navrae het of meer inligting verlang, sal Me De la Hunt of Mnr Henwood u graag help.

ADVERTENSIES

make up studio



Make-up Artist

Evening make-up	R250-00
Bridal make-up and trial	R450-00
Day make-up	R250-00
Special effects make-up	R200-00
Matric make-up and trial	R300-00

Pamper Parties

Age 5-13 years	R85-00
Facial	
Manicure	
Pedicure	
Hair spray and a gift to take home	
13 years to adult	R95-00

Kiddies parties for boys: special effects

To book phone: Gerda 072 570 9529

Caribbean Tan

Professional Sunless Tanning

R170 per Spray Tan

Last 4 - 7 days

Mariki

082 363 5848

AMA KIDI KIDI

VERVOER VIR LEERLINGE

Benodig u vervoer vir u kind/ers?
Veilig en betyds

Kontak: Wayne
Cell: 084 501 8295
Huis: 011 394-5277

Creepy Creatures Competition

The **SNAKE DEN**, Kempton Park, would like you to bring your Creature to see who has the wackiest or best looking creature in the east rand.

PRIZES TO BE WON

To enter, simply complete the entry form below and drop it off, along with your **R25.00 entry fee**, at the **Corner of Concourse and Monument Road, Kempton Park**, before the **29/09/2010**.

The Competition will be held at the shop on Saturday 2/10/2010 at 10am.

Rules: * Your creature must be contained. * It must be handeled by owner. * Final decision will be made by the judges. * No venemous creatures please.

NAME: _____ SURNAME: _____
TEL: _____ EMAIL: _____

CREATURE: _____ NAME: _____
AGE: _____
CREATURE: _____ NAME: _____
AGE: _____

Model & Talent Coaching Academy

a Division of Modelling South Africa

SouthAfrica's Only Modelling College in Kempton Park.

Enroll Now!

www.modellingsouthafrica.org

All members managed by

MSA Model Management & Agency

073 524 4111

Limited Space Available

MODELLING SOUTH AFRICA

TE HUUR

1 Slaapkamer Tuin Huisie te huur.

Binne Glen Marais sekuriteitsarea.

R2 500.00 per maand.

Bel Tania 079 482 5067

Seyfferdt Photography

Professionele Fotografie

* Troues
* Familiefotos & Babafotos
* Modelle & Funksies

078 269 4612

ASTON MANOR HOUSE, BLOCK 1
128 MONUMENT ROAD
KEMPTON PARK